

## Hoofstuk 8

### Die rekonstruksie van die teksgeskiedenis

Nadat die inligting versamel en gesistematiseer is, word een van die belangrikste aspekte van die Nuwe-Testamentiese Tekskritiek, die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks, bereik. Hierdie aspek is een van die basiese aspekte van die tekskritiese metode en die meeste van die metodes wat in hierdie wetenskap gebruik word om die teks te herstel, is op 'n noukeurige rekonstruksie van die teksgeskiedenis gebaseer. Hoe noukeuriger die historiese model gekonstrueer kan word, hoe noukeuriger kan die teks gerekonstrueer word.

#### 1. DIE BEGINSSEL

Die beginsel waarop die hele proses berus, is dat manuskripte en ander bronne in groepe ingedeel kan word. Die geskiedenis word dan beskryf deur die onderlinge verhouding van hierdie groepe tot mekaar te identifiseer en te beskryf.

Die indeling van manuskripte en ander bronne in groepe berus op 'n historiese beginsel, naamlik dat manuskripte wat dieselfde kenmerke vertoon van dieselfde archetipe gekopieer is. Die bekende beginsel, wat reeds deur Karl Lachmann in sy genealogiese metode geformuleer is, lui: *Identity of reading implies identity of origin*. Dit beteken dat oral waar variasie in die manuskripte voorkom, dit aanvaar kan word dat waar twee manuskripte dieselfde lesing het, hulle van dieselfde archetipe gekopieer is. Deur hierdie ooreenkomste en verskille tussen die manuskripte te ontlee, kan dus bepaal word watter manuskripte genealogies aan mekaar verwant is.

Litcratuur: Colwell 1969g; Dearing 1967; Greeven 1959/60; Hills 1949; Metzger 1968b; Souter 1960; Vaganey 1937.

#### 2. DIE GROEPERING VAN MANUSKRIPTE

Om hierdie beginsel uit te voer, moet die manuskripte dus aan die hand van hulle kenmerkende eienskappe in groepe ingedeel word. Daarvoor is daar gedurende die 20ste eeu *kwantitatiewe metodes* ontwikkel. Hiervolgens word die ooreenstemming in lesings waar daar variasie is, statisties bereken en voorgestel.

Onder die meer bekende statistiese metodes is dié van Hutton (die *triple reading method*), Colwell en Tune (die *multiple reading method*), Geerlings,

Champlin, Aland, Hurtado en Fee. Die metode van Fee, wat op die *multiple reading method* van Colwell en Tune gebaseer is, word vandag as standaard aanvaar. Dit werk min of meer soos volg (om die metode in praktyk te illustreer, word 'n statistiese berekening van die verwantskap van Latynse manuskripte in Hd 6 gebruik):

**Literatuur:** Carder 1969/70; Champlin 1964; 1966; Colwell 1969g; Colwell & Tune 1969; Ehrman 1986; 1987; Fee 1968/69; Geer 1988; Geerlings 1961a; 1961b; 1962a; 1962b; 1963; 1968a; 1968b; Hills 1949; Hurtado 1981b; KW Kim 1949; Petzer 1988b; Richards 1979; Wisse 1982.

#### (a) Die keuse van manuskripte

Wanneer 'n nuwe manuskrip geklassifiseer moet word, is die eerste stap om 'n kontrolegroep van manuskripte te identifiseer. Dit bestaan gewoonlik uit die belangrikste verteenwoordigers van elke teks- of subtekstfamilie onder die manuskripte van die Nuwe Testament. Wanneer 'n totaal nuwe klassifikasie van ongeklassifiseerde bronne gemaak moet word, sal uiteraard nie met 'n kontrolegroep nie, maar met al die manuskripte wat geklassifiseer moet word, gewerk word. Omdat die klassifikasie van die manuskripte in Hd 6 'n nuwe klassifikasie is, word nie met 'n kontrolegroep gewerk nie, maar word 'n totale aantal manuskripte geklassifiseer. Altesaam dertien Latynse manuskripte van Hd 6 word gebruik. Dit is naamlik alle Latynse manuskripte van Hd 6 wat moontlik 'n oud-Latynse teks bevat. Hulle is die volgende: vg 5 6 50 51 52 54 55 56 58 61 62 63.

#### (b) Die identifikasie van relevante variasie-eenhede

Daarna word hierdie groep (saam met die bron wat geklassifiseer moet word in gevalle van die klassifikasie van een manuskrip), volledig gekollasioneer en alle variasie-eenhede word geïdentifiseer. Nie alle variasie-eenhede word egter gebruik nie, omdat nie almal vir so 'n studie geskik is nie. Slegs variasie-eenhede wat betekenisvol vir verwantskap is, word gebruik. Om dit te identifiseer, word in die eerste plek alle variasie-eenhede uitgeskakel wat sake soos ortografie, spelling, ensovoorts behels, uitgeskakel. Daarna word alle variasie wat *singuliere* lesings verteenwoordig, uitgeskakel. Singuliere lesings is lesings ten opsigte waarvan al die bronne behalwe een dieselfde lesing het. Daarna word alle ander variasie uitgeskakel, ten opsigte waarvan die vermoede bestaan dat dit aan die skriptor wat die betrokke manuskripte gekopieer het, te wyte kan wees (dus die eiesoortigheide van elke manuskrip). Wat oorbly is dan dié variasie-eenhede ten opsigte waarvan

die lesing waarskynlik dié van die archetype van elke groep verteenwoordig.

Nadat alle onbelangrike variasie-eenhede, dit is variasie-eenhede wat nie vir die genealogiese verwantskap relevant is nie en variasie-eenhede wat singuliere lesings bevat, in die kollasie van die manuskripte van Hd 6 uitgeskakel is, het 107 variasie-eenhede wat vir die analise bruikbaar was, oorgebly. Die statistiese berekening is dus op grond van hierdie 107 gedoen. In die geval van *Kodeks 52* is slegs 60 variasie-eenhede as basis gebruik, omdat die eerste sewe verse van Hd 6 in hierdie manuskrip ontbreek.

**(c) Die voorstelling van die kollasies**

Na die identifikasie van die belangrike variasie-eenhede, is die kollasies op 'n wyse voorgestel wat die ooreenkomste en verskille in elke variasie-eenheid dadelik ontbloom. Aan elke variante lesing in die betrokke variasie-eenheid is 'n nommer toegeken wat vir elke variasie-eenheid dan teenoor die manuskripte se nommers getabuleer is. Die volgende voorbeeld maak die prosedure duidelik:

In Hd 6: 2 kom die volgende variante lesings in een van die variasie-eenhede voor:

- 1) *duodecim*: vg 5 6 50 55 62 63
- 2) *apostoli*: 51
- 3) *duodecim apostoli*: 54 56 58
- 4) *apostoli duodecim*: 61

Hierdie inligting sal dan soos volg getabuleer word:

vg	5	6	50	51	54	55	56	58	61	62	63
1	1	1	1	2	3	1	3	3	4	1	1

So word die inligting vir elke variasie-eenheid in elke vers voorgestel. Die inligting vir Hd 6: 1 sal soos volg lyk (die simbootjies a,b,c, ensovoorts verteenwoordig die verskillende variasie-eenhede in Hd 6: 1):

	a	b	c	d	e	f	g
vg	1	1	1	1	1	1	1
5	2	2	3	2	1	3	2
6	1	1	1	1	1	1	1
50	2	3	1	2	2	1	1
51	3	4	1	1	1	2	3
54	1	5	3	3	2	2	1
55	1	6	3	4	1	2	4
56	4	1	1	1	1	1	5
58	1	1	1	1	1	1	1
61	1	1	1	1	1	1	6
62	1	1	1	1	1	2	1
63	1	1	2	1	1	1	1

#### (d) Die statistiese berekening

So word die inligting vir elke vers van die gedeelte wat ondersoek word, voorgestel. Hierna volg die statistiese berekening. Dit bestaan daaruit dat in elke geval van die oorblywende variasie getel word hoeveel keer die betrokke manuskripte in die groep met mekaar en met die bron wat geklassifiseer moet word, ooreenstem. Deur hierdie getal in 'n persentasie uit te druk, kan afleidings ten opsigte van die klassifikasie of groepering van manuskripte gemaak word. Gewoonlik word aanvaar dat indien 'n bron in meer as 70% van die variasie-eenhede met die getuienisse van 'n bepaalde groep ooreenstem, die bron by die betrokke groep geklassifiseer moet word.

Op grond van die tabel hierbo is dit nou maklik om die ooreenkoms en verskille te bereken. Indien die ooreenkomste tussen byvoorbeeld vg en 5 bereken wil word, word getel in hoeveel gevalle hulle dieselfde syfer het: In die voorbeeld is daar slegs een geval, naamlik die eenheid e, waar albei 'n 1 het. In die geval van byvoorbeeld 50 en 54, is daar 2 gevalle: e waar albei 'n 2 het, en g, waar albei 'n 1 het.

Voordat afleidings gemaak kan word, moet hierdie getalle in persentasies, bereken teen die totale aantal variasie-eenhede in die analise, uitgedruk word. In die geval van vg en 5, wat hierbo genoem is, is die totale aantal ooreenkomste dus 1/7, wat 'n persentasie van 14,3% gee. In die geval van 51 en 54 is die totaal 2/7, wat 'n persentasie van 28,6% gee. Op hierdie wyse moet die persentasie-ooreenkoms tussen alle manuskripte in die analise bereken word.

In die analise van die Latynse manuskripte in Hd 6, is die volgende totale en

persentasies verkry (persentasies is aangepas tot die naaste volgetal):

**Werklike getalle:**

vg	5	6	50	51	52	54	55	56	58	61	62	63
vg												
5	38											
6	98	37										
50	42	38	42									
51	53	32	51	40								
52	28	21	27	24	46		(uit 60)					
54	55	33	56	45	54	30						
55	33	27	34	22	20	21	25					
56	45	29	53	35	35	14	29	35				
58	91	34	88	41	46	21	50	35	60			
61	83	36	76	40	42	22	44	26	46	67		
62	100	36	97	40	52	27	55	36	57	91	73	
63	95	37	92	42	51	27	55	31	54	86	74	95

**Persentasies (by benadering):**

vg	5	6	50	51	52	54	55	56	58	61	62	63
vg												
5	36											
6	92	35										
50	39	36	39									
51	50	30	48	37								
52	47	35	45	30	77							
54	51	31	52	43	51	50						
55	31	25	32	21	19	35	23					
56	51	27	50	33	33	23	27	33				
58	85	32	82	38	43	35	47	33	56			
61	78	34	71	38	39	38	41	24	43	63		
62	94	34	91	38	49	45	51	34	53	85	68	
63	89	45	86	39	48	45	51	29	51	80	70	89

**(e) Die interpretasie van die statistieke**

Uit hierdie berekeninge kan nou afleidings ten opsigte van die groepering van manuskripte gemaak word. Gewoonlik word dit gestel dat 'n ooreenkoms van ongeveer 70%, met 'n verskil van ten minste 10% van ander groepe, daarop dui dat manuskripte aan dieselfde familie behoort. Op grond daarvan kan die manuskripte wat ondersoek is, dus soos volg gegroepeer word: vg 6 56 58 61 62 en 63 vorm een groep (Groep A), terwyl 51 en 52 'n tweede groep (Groep B) vorm. Al die ander manuskripte vorm òf groepe op hulle eie (met ander lede onder die kerkvaders) òf is baie swak-gekopieseerde manuskripte. Daarvoor moet uitsluitel verkry word in die verdere ondersoek na die tekste van die manuskripte.

Deur op hierdie wyse te werk te gaan, is die teksfamilies (Alexandryns, Caesareaans, Westers en Bisantyns), die subteksfamilies (proto-Alexandryns en Egipties, pre-Caesareaans en Caesareaans) en die manuskripfamilies (f<sup>1</sup>, f<sup>13</sup>), onder die bronne van die teks van die Nuwe Testament geïdentifiseer.

**3. DIE KARAKTERISERING VAN GROEPE**

Die resultate van die statistiese klassifikasie van 'n bepaalde bron moet bevestig en verfynd word, voordat finale gevolgtrekkings gemaak kan word. Daarvoor word kenmerkende lesings van die manuskrip en die groep waaraan dit behoort, soos dit van ander groepe verskil, ontleed. So word 'n profiel van die betrokke groep en bron wat bestudeer word, daargestel.

Twee profielmetodes word vandag gebruik. Die sogenaamde *Claremont Profile Method* het in die sestigerjare van hierdie eeu sy beslag gekry, omdat dit nodig geword het om 'n akkurate metode te vind waarop groepe onder die minuskels geïdentifiseer kan word en in die apparaat van die Lukasteks van die *IGNTP* verteenwoordig kan word. Veral Eldon Epp, Larry Richards, Paul McReynolds en Frederick Wisse was by die ontwikkeling daarvan betrokke. Bepaalde metodologiese probleme in hierdie metode het in die tagtigerjare tot 'n verfyning daarvan gelei. So het die *Comprehensive Profile Method* van Bart Ehrman ontstaan.

**Literatuur:** B Aland 1976; Epp 1967; 1976a; Ehrman 1986; 1987; Hurtado 1981b; Omanson 1975; Richards 1977a; 1977b; 1979; 1981; Wisse 1982; Wisse & McReynolds 1970.

**(a) Die opstel van die profiel**

'n Profielmetode bestaan in breë trekke daaruit dat 'n profiel van die tipiese lesings

van die bronne van elke groep daargestel word. Dit is (a) lesings wat in al die bronne van die betrokke groep voorkom; en (b) lesings wat in die meerderheid van die groep-bronne voorkom (daar is ook nog ander kategorieë waarin lesings verdeel kan word). Die lesings van die manuskrip wat geklassifiseer moet word, word dan vergelyk met dié wat as tipiese lesings van die betrokke groep geïdentifiseer is, ten einde te bepaal in watter mate dit daarmee ooreenstem. Indien dit baie van hierdie tipiese groep-lesings bevat, sal die bron as 'n goeie verteenwoordiger van die betrokke groep geklassifiseer word. Indien dit minder daarvan bevat, sal dit natuurlik as 'n swak verteenwoordiger daarvan beskou word. Die doel van 'n profielmetode is dus om akkuraat te bepaal hoe ver die betrokke bron van die archetype van die groep verwyder is.

Ter wille van die illustrasie sal 'n profiel van slegs groep A in Hd 6: 1 gegee word (dit verwys na die tabel hierbo waarin die lesings genummer is):

Groep A se profiel ten opsigte van lesings waarvan al die groeplede ooreenstem: *b1 d1 e1*

Groep A se profiel ten opsigte van lesings waar die meerderheid groeplede ooreenstem: *a1 c1 f1 g1*

'n Tweede hipotetiese groep se profiel kan soos volg lyk:

Groep C se profiel ten opsigte van lesings waarvan al die groeplede ooreenstem: *a2 d3 e1 f2 g2*

Groep C se profiel ten opsigte van lesings waar die meerderheid groeplede ooreenstem: *b3 c4*

### (b) Die afleidings uit die profiel

Wanneer die profiel van so 'n groep daargestel is, kan ook akkurate en gemotiveerde afleidings ten opsigte van die aard en karakteristieke eienskappe van die betrokke groep gemaak word. Deur dus algemene afleidings ten opsigte van die tendens onderliggend aan die tipiese lesings in die profiel van 'n groep te maak, kan die algemene karakteristieke eienskappe van die groep geïdentifiseer word.

Deur so 'n profiel van elke teks- en subtekstipe onder die bronne van die teks van die Nuwe Testament daar te stel, en deur algemene afleidings daaruit te maak, is elkeen gekarakteriseer en word elk van die ander onderskei. Elke teks- en subtekstipe het dus 'n profiel wat hom kenmerk en van die ander onderskei. Die feit dat die Westerse teks bepaalde interpolasies bevat, onderskei hom van die

Alexandrynse teks, wat 'n kort teks is. Die konflasionistiese karakter van die Bisantynse teks onderskei hom van ander tekstipes, wat nie die soort konflasie bevat nie.

#### 4. DIE HISTORIESE MODEL

Wanneer die groepe of tekstipes geïdentifiseer is, volg die finale stap in die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks. Dit bestaan daaruit dat die geïdentifiseerde tekstipes gedateer en gelokaliseer word en dat die verhouding tussen hulle bepaal word.

##### (a) Die datering en lokalisering van groepe

Om groepe te *dateer* word gewoonlik na die ouderdom van hulle verteenwoordigers gekyk. Indien 'n manuskrip wat, argumentsonthelwe, in die 4de eeu gedateer is, die oudste manuskrip in die betrokke groep is, is dit duidelik dat die groep nie later as die 4de eeu kon ontstaan het nie. Dit is baie dikwels nie moontlik om meer as dit af te lei nie, want 'n 4de-eeuse manuskrip kon van 'n archetipe uit die 2de eeu, wat nou verlore is, gekopieer wees, met die gevolg dat die betrokke groep moontlik reeds in die 2de eeu kon bestaan het. Dit is dus maar toevallig dat die oudste manuskripte van die betrokke groep wat behoue gebly het, uit die 4de eeu dateer. Al die ouer verteenwoordigers is verlore, omdat daar bitter min manuskripte in die algemeen van dié betrokke tyd behoue gebly het. Gelukkig bied die vertalings en patristiese sitate hier belangrike getuienis. Hoewel die manuskripte van die betrokke groep verlore kon geraak het, kan verwag word dat daar vertalings en sitate sal wees wat tot so 'n groep behoort, indien dit so vroeg bestaan het. Indien daar ook geen vertalings of sitate van die betrokke groep is nie, kan die datum van die oudste verteenwoordiger daarvan as 'n breë aanduiding van die ontstaanstyd van die groep aanvaar word.

Hierdie beginsel word in die datering van verskillende tekstipes toegepas en veral die datering van die Bisantynse teks illustreer die waarde van die vertalings en die sitate vir die datering van tekstipes goed. Die oudste manuskripte van die Bisantynse teks dateer naamlik uit die 4de en 5de eeu. Dit beteken dat hierdie tekstipe nie later as die 4de of 5de eeu kon ontstaan het nie. Geen vertaling ouer as die 5de eeu behoort aan hierdie tekstipe nie, sodat die vertalings geen waarde vir die datering daarvan het nie. Wanneer die hulp van die kerkvaders ingeroep word, word dit duidelik dat die vroegste kerkvader wat die tipiese profiel van die Bisantynse teks openbaar, Johannes Chrysostomos, ook uit die 4de eeu, is. Die



gevolg is dat dit aanvaar kan word dat hierdie tekstipe êrens in die 4de (of laat in die 3de) eeu ontstaan het. Die Alexandrynse en Westerse tekstipes daarenteen, kom in bronne, veral vertalings en sitate, so vroeg as die 2de eeu voor. Hierdie tekstipes moes dus op die laatste in die 2de eeu ontstaan het. Omdat daar geen getuienis van die teks vroeër as die 2de eeu bestaan nie, is dit nie moontlik om verdere afleidings ten opsigte van hul ouderdom te maak nie.

Vir die *lokalisering* van groepe is die vertalings en sitate ewe-eens belangrik. Omdat dit gewoonlik bekend is waar 'n kerkvader geleef en gewerk het en waar 'n bepaalde vertaling gebruik is, kan daaruit afgelei word dat die groep waaraan die betrokke vertaling of kerkvader behoort, gedurende die tyd toe die vertaling ontstaan het, in die betrokke gebied gedomineer het.

Onder die Latynse manuskripte wat vir die illustrasie van die model hierbo gebruik is, is dit byvoorbeeld duidelik dat Groep A (die groep wat bestaan uit vg 6 56 58 61 62 en 63) almal Vulgata-manuskripte is, omdat almal aan die Vulgata (vg) verwant is. Die groep kan dus as van 'n 4de-eeuse oorsprong beskou word. Net so het verdere ontleding van die teks van die manuskripte in die groep en die teks van Latynse kerkvaders aan die lig gebring dat Groep B (51 en 52) nou aan die kerkvader *Lucifer van Calaris* se sitate verwant is. Dit maak dit moontlik om hierdie tekstipe dus as ten minste 'n vroeg 4de-eeuse tekstipe te beskou (ondanks die feit dat 51 'n laat-Middeleeuse manuskrip is). Net so is 55 aan die kerkvader *Cyprianus* verwant (Groep D), wat meebring dat 55 se teks as 'n laat 2de-eeuse teks van Afrika (Kartago) beskou kan word, omdat dit bekend is dat Cyprianus vroeg in die 3de eeu of laat in die 2de eeu die biskop van Kartago was.

Hierdie beginsel werk soos volg ten opsigte van die teksgeskiedenis van die Nuwe Testament in die algemeen: Uit die feit dat die Sahidiese vertaling byvoorbeeld die tipiese lesings van P<sup>75</sup> en *Kodekse X* en B vertoon, blyk dit dat 'n manuskrip wat tot hierdie tekstipe behoort as grondteks vir die vertaling moes gedien het. Hierdie teks was dus in die 3de eeu in Egipte bekend. Dit word bevestig deurdat die aanhalings van *Origenes* en *Clemens*, beide van Alexandrië, dieselfde karakteristieke eienskappe vertoon. Hieruit kan afgelei word dat die teks van die genoemde drie manuskripte en hul bondgenote onder die kerkvaders en vertalings, in Egipte en veral Alexandrië bekend was, na aanleiding waarvan hierdie groep as die *Alexandrynse teks* bekend geword het. Net so kan afgelei word dat die Westerse teks in die 2de en 3de eeu in Sirië, waar die oud-Siriese vertaling ontstaan het, moes gedomineer het, omdat die oud-Siriese teks die tipiese eienskappe (die profiel) van die Westerse teks vertoon. Wanneer die Siriese vertaling egter in die 4de of 5de eeu hersien word en die *Peshitta* voortbring, is dit duidelik dat die Bisantynse teks die Westerse teks hier verdring het, omdat die *Peshitta* die profiel van die Bisantynse

teks vertoon. Die Caesareaanse teks is op sy beurt weer met die kerkvader Origenes se verhuising van Alexandrië na Caesarea in verband gebring. Daar is naamlik beweer dat sy aanhalings uit die Nuwe Testament voor sy verhuising die eienskappe van die Alexandrynse teks vertoon en daarna dié van 'n ander tekstipe (P<sup>45</sup>, Θ, 565 en 700). Hieruit is afgelei dat die teks van die genoemde groep manuskripte gedurende die 3de eeu in Caesarea bekend was en word dit gevolglik 'n Caesareaanse teks genoem.

**Literatuur:** Fischer 1972; Klijn 1953/54; 1957; Metzger 1950; Suggs 1957/58; Wikgren 1948 (vir die gebruik van die vertalings); Boismard 1950; Duplacy 1970/71; Ehrman 1986; Fee 1971b; Frede 1972; Metzger 1971/72; Prigent 1972 (vir die gebruik van patristiese sitate).

### (b) Die historiese model

Nadat al die tekstipes op hierdie wyse so na moontlik gedateer en gelokaliseer is, moet bepaal word wat hulle *onderlinge verhouding* tot mekaar is. Dit is veral belangrik om op hierdie wyse die ontstaan van die tekstipes te probeer verklaar. Die eerste stap in hierdie proses is om die karakteristieke eienskappe van elke groep (die profiel) te ontleed en binne die konteks van die datering en lokalisering van die tekstipes met mekaar te vergelyk.

Deur nou die historiese feite in vergelyking met die tekstuele profiele en tipiese lesings van die (drie) geïdentifiseerde groepe in die analise van die Latynse manuskripte van Hd 6 in die paragraaf hierbo in verband te bring, is dit moontlik om die volgende geskiedenis te rekonstrueer. Ter wille van eenvoud van die illustrasie word slegs enkele manuskripte in berekening gebring:

Groep D (55) is die oudste teks en was reeds teen die einde van die 2de eeu in Afrika (afgelei uit Cyprianus se datering en lokalisering) in gebruik. 'n Vroeë hersiening van hierdie teks (afgelei uit die verskil tussen die profiele van die twee tekstipes) in Italië (afgelei uit Lucifer se datering en lokalisering) het uitloop op Groep B. Die teks is uiteindelik weer hersien (afgelei uit die verskil tussen die profiele van groepe D en veral A en B) en het in die 4de eeu op die Vulgata uitloop (datering afgelei uit die bekende historiese feite rondom die Vulgata). Groep D word hiervolgens dus as die oudste en mees betroubare verteenwoordiger van die oorspronklike teks van die oud-Latynse vertaling beskou.

Ten opsigte van die teksgeskiedenis van die Griekse Nuwe Testament word hierdie proses byvoorbeeld duidelik in die evaluering van die Bisantynse teks. Daar is reeds in die datering- en lokaliseringproses bepaal dat die Bisantynse teks in die 4de eeu ontstaan het. Wanneer sy tipiese lesings (profiel) ontleed word, word dit

duidelik dat sommige ook in die Alexandrynse teks en andere in die Westerse teks voorkom. Sommige lesings is konflasies van tipies-Alexandrynse en tipies-Westerse lesings. Hieruit kan afgelei word dat die Bisantynse teks op die een of ander wyse uit 'n samestelling van manuskripte van die ouer Alexandrynse en Westerse tekstipes berus.

Uiteindelik word die profiel van dié tekstipe(s) waarvan die ontstaan nie op hierdie (historiese) wyse verklaar kan word nie, so noukeurig moontlik selfstandig ontleed, ten einde te bepaal of dit moontlik is om op grond van die profiel van die betrokke tekstipe een daarvan as 'n meer betroubare weergawe van die oorspronklike teks te beskou. In die rekonstruksie van die geskiedenis van die teks van die Griekse Nuwe Testament, is die ontstaan van die Alexandrynse en Westerse tekstipes byvoorbeeld nie op bogenoemde wyse verklaarbaar nie. Dit beteken dan dat een van hulle waarskynlik 'n getroue weergawe van die oorspronklike teks sal wees. Deur die aard van die tipiese lesings van elk te ondersoek, is bepaal dat die Alexandrynse teks waarskynlik 'n getrouer weergawe van die oorspronklike is, omdat die Westerse teks tekens van byvoorbeeld afronding, byvoegings, weglatings en harmoniëring bevat, wat om verskillende redes moeilik as deel van die oorspronklike teks beskou kan word, bevat. (Vgl hfst 4 hierbo vir 'n uiteensetting en bespreking van die gerekonstrueerde geskiedenis van die teks van die Nuwe Testament.)

## 5. DIE BESTE MANUSKRIP

Nadat die teksgeskiedenis so gerekonstrueer is, word die verteenwoordigers van die tekstipe wat as waarskynlik die mees betroubare tradisie geïdentifiseer is, individueel ondersoek. Op hierdie wyse word dan bepaal watter verteenwoordigers onder hierdie tekstipe die oorspronklike teks die getrouste bevat. Sake soos die noukeurigheid waarmee gekopieer is, die ooreenoms en verskille met die ander verteenwoordigers van die betrokke tekstipe en die moontlikheid van die indirekte beïnvloeding deur verteenwoordigers van ander tekstipes, waar die betrokke bron verskil van die profiel van die tipiese lesings van die tekstipe waaraan dit behoort, word bestudeer. So word bepaal watter manuskrip waarskynlik die mees getroue verteenwoordiger van die oorspronklike teks is.

Hierdie proses het vir die bronne van die Griekse Nuwe Testament daarop uitgehoop dat P<sup>75</sup>, B, K en in 'n mindere mate die Sahidiese vertaling, as die beste verteenwoordigers van die oorspronklike teks van die Griekse Nuwe Testament geïdentifiseer is.